

5 April

Leer uit die lewenslesse van die verre verlede

Skriflesing: Psalm 78 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 78: 1-8, 18-22, 41-42, 56-57

Ons ken die spreekwoord: *Die geskiedenis herhaal homself*. So was dit ook met die sondes van die volk. Daarom wou die digter God se wonderdade aan die nageslag oordra, sodat hulle uit die verlede kon leer. So sal die nageslag, anders as hulle voorgeslagte wat God se verlossingsdade vergeet en ontrou geword het, 'n gehoorsame volk word, wat op God vertrou.

Hierdie Psalm wil dus elke verbondsouer opnuut herinner hoe belangrik hulle kinders se geestelike opvoeding is. Hierdie lewenslesse moet immers ons kinders aanspoor om God te vertrou en te gehoorsaam (vs 7-8). Op hierdie manier wil die digter verhoed dat die foute van die verlede herhaal word. Ten spyte van God se wonderdade was daar Israeliete wat vanweë hulle ongehoorsaamheid, ongeloof en ontrou, God beproef het (vs 41-42, 56-57). Een voorbeeld was die Efraimiete, wat later op hulle vermoëns en wapens vertrou het (vs 9-10). Daarom het hulle die geveg verloor, omdat hulle nie hulle vertrou in God geplaas het nie.

So kan 'n mens ook maklik voor die versoeking swig om uit eie krag teen die sonde te wil stry. Dis dan wanneer ons in sonde val en aan God ongehoorsaam word.

'n Ander les uit die verlede was dat die volk voortdurend voor die versoeking geswig het om in tye van voorspoed van God te vergeet. Maar as die nood gedreig het, het hulle gou gewet waar om hulp te soek. God is nie 'n noodwiel wat ons net kan gebruik wanneer ons Hom nodig het nie. Ons moet dus elke dag uit sy krag en genade teen die versoekings van die lewe stry. Laat ons daarom nie die lesse van die verre verlede minag nie.

Sing: Psalm 105:1, 3 (1936-beryming)

Ds. Nelius van Rooy (Bethal)